# WANDA BAM

## MOEDERWEES: 'N VOORREGFEES

*"Hy sal die lammers in Sy arms vergader en aan Sy bors dra; die lammerooie sal Hy saggies lei."*
**Jesaja 40:11**




Meimaand is 'n feesmaand. Die maand waarin ek en my jongste, Melinda, verjaar en ook waarin my liefste moedertjie altyd verjaar het. Meimaand is ook Moedersdagmaand! Vroue is nog nooit voorheen so uitgedaag om standpunt in te neem oor die behoud van lewe, as nou nie. Die vrou is gemaak om lewe te beskerm en hierdie voorreg elke dag te koester. Die teendeel is egter oral sigbaar. Daar is omstandighede waarin daar teen die behoud van lewe besluit word, maar een ding weet ek, en dit is dat God elke moeder, ongetroud, enkel of getroud toegelaat het om lewe in haar arms vas te hou. Haar eie of dié van 'n ander. Vir elke vrou wat die swaar besluit moes neem om haar baba te laat aanneem; dalk 'n swangerskap beëindig het, wil ek sê: "Jy het met die wysheid wat jy tot jou beskikking gehad het en die helderheid waarmee jy kon dink, 'n besluit geneem wat jou lewe ingrypend verander het. Vir jou is my wens dat jou waarde en sin vir die lewe weer sal herstel, jou teleurstelling oor jou onsuksesvolle pogings om swanger te raak vir jou bonatuurlike vrede sal inhou en jou verwyt en eensaamheid gevul sal wees met die teenwoordigheid van God, die Gewer van lewe. Mag jy bevry word, mag jy weet jy sal steeds in jou gees nou, en vir altyd, 'n mamma bly wat bid. Veilig in God se arms, jy en jou kuddetjie. By jou, of ver van jou. In 'n ander mamma se arms of reeds by Jesus. Ek vier jou, vriendin, jy is dapper; vrou en draer van die lewe in Christus – 'n ewige lewe! Luister gerus hierna op Moedersdag. www.soundcloud.com/wanda-de-kock-bam/ma-wees



**Wanda Bam is 'n radio-omroeper, spreker, skrywer en stigter van die Heelvrou-seminare. events@wandagroup.co.za of 084 018 1122. Besoek: wandagroup.co.za**

attooh!
GOALS ACHIEVED




# ELLA KRITZINGER

## 'N HART VOL KOMPOS?

*"Wees veral versigtig met wat in jou hart omgaan, want dit bepaal jou hele lewe."*
**Spreuke 4:23**



Liewe vriendin, dit is sowaar al weer herfs. Die oorvloed van somer taan geleidelik en die son se strale word sagter; die natuur gedemp met 'n roeskleurige palet. Die bome reën blare wat die aarde met kompos voed sodat nuwe saad uit die grond kan groei. 'n Proses vol nuwe belofte en hoop...so ook in ons gemoed. Ek is gaande oor die herfs. Vir my is dit 'n tyd van introspeksie, 'n opregte hartsondersoek; om afstand te doen van alles wat my siel besoedel, my geestelike groei strem; emosies wat my vermoë beperk; dit wat twyfel saai en dinge wat afstand skep tussen my en God. Dit is 'n tyd van oorgang, om te besin en vrede te maak met sekere dinge wat met my gebeur het; 'n tyd waarin ek my sielsbagasie voor Jesus se voete kan uitstort en daarvan afstand doen. As my hart 'n asblik geword het, sal 'n ashoop die gevolg wees. Dalk was jy in 'n verhouding wat verbrokkel het of dalk is dit vir jou die einde van 'n seisoen vol hoogtepunte. Miskien voel jy op hierdie oomblik jou lewe is doelloos en het geen sin nie. Net soos in die natuur, gooi die lewe ook 'kompos' na ons kant toe wat vrees en verwarring by ons skep. Hierdie kompos en moeilike tye is die voorbereiding vir daardie nuwe saad wat God in ons plant sodat nuwe moontlikhede in ons kan ontkiem. Des te meer is dit 'n tyd om ons verhouding met God te vernuwe en met 'n dieper smagting na Hom te soek. Hy seën ons, skep potensiaal in ons lewe en dra ons al die pad, al voel dit winter in jou hart. Daar wag 'n nuwe lewe vol hoop as ons die



**Ella Kritzinger se bediening is gebed; daarom is haar musiek ook, 'Gebede vir Vroue'. Sy bedien ander vroue graag met gebed en geestelike musiek en is as gasspreker beskikbaar. Sy beraad ook soos die Gees haar lei. Kontak haar via e-pos: gebedevirvroue@gmail.com. op Facebook: Gebede vir Vroue of besoek www.gebedevirvroue.co.za vir meer inligting.**



# ILSE KLEYN

## DUIFIEOË – ENKEL VISIE

*"Terwyl ons so 'n groot skare geloofsgetuies rondom ons het, laat ons elke las van ons afgooi...en laat ons die wedloop wat vir ons voorlê, met volharding hardloop, die oog gevestig op Jesus, die Begin en Voleinder van die Geloof. ..."* **Hebreërs 12:2**



Die eerste kwartaal is al verby en dit voel asof die versneller van my lewe en die lewens van almal om my net nog dieper ingetrap word. Die lewe en al die besigwees hardloop met ons almal weg.

Waar ek vanaand hier sit en skryf, is ek so moeg. Ek kyk na my dagboek vir volgende week en wil huil. Wanneer gaan dit rustiger word, Here? Hoe verhoed ek dat die dryfsand van goeie, noodsaaklike gebeure en dinge my insluk? Ek weet dit is nie U wil vir my nie. Dadelik herinner Abba my aan 'n skildery wat ek so paar jaar gelede geskilder het genaamd, Dove's Eyes.

'n Duif kan net op een ding fokus, maar 'n verkleurmannetjie het kantvisie met sy ogies wat in die rondte kyk sodat hy alles om hom kan waarneem. Ek voel vanaand soos daardie verkleurmannetjie. Ek kyk weer na die skildery en sien die vrou se liefdevolle blik op haar Here. Sy sien niks verder raak nie. Ek dink aan Stefanus wat net oë gehad het vir Jesus terwyl hulle hom stenig. *"Maar hy was vol van die Heilige Gees en het die oë na die Hemel gehou en die heerlikheid van God gesien en Jesus wat staan aan die regterhand van God"* (Hand 7:55). Hy was onbewus van al die houe en klippe wat hom tref – sy oë was vasgenael op sy Here.



**Ilse Kleyn is 'n profetiese visuele kunstenaar, en skilder koninkryksbeelde en -boodskappe van Abba se hart. Kontak haar by 0845042814/ ilse@artofkleyn.co.za of besoek haar webtuiste by www.artofkleyn.co.za**

# CHARMAINE BOSHOFF

## KINDERS IS GOD SE GESKENK AAN JOU


*"Kyk, seuns is 'n erfdeel van die HERE; die vrug van die moederskoot is 'n beloning. Soos pyle in die hand van 'n held, so is die seuns van die jeug."* **Psalm 127:3**



As ma van twee wonderlike kinders, is dit vir my ondenkbaar dat enigiets enigsins so 'n groot rol in my lewe kan speel dat ek die welstand en toekoms van my kinders nie in ag neem nie.

Ek het onlangs iets beleef wat my baie ontstel het. 'n Jong vrou, ongeveer vyf maande swanger, het sonder om te skroom erken dat sy Tik gebruik. Ek was so hartseer vir die ongebore baba se onthalwe. Haar omstandighede ten spyt, kon ek nie dink wat 'n mens besiel om só afhanklik te wees van iets dat jy jou ongebore baba geensins in ag neem nie. Op daardie oomblik het ek myself egter afgevra: "Waaraan is ék verslaaf?" Dit is dalk nie Tik nie, maar is ek die dalk ook verslaaf aan 'n dwelm van my keuse nie? Wat sal jou antwoord wees as ek jou dieselfde vraag vra? Facebook? Jou werk? Die gimnasium? Die winkels? Ek praat nie van 'n gebalanseerde lewe waar jy omsien na jouself in liggaam, siel en gees nie.

Die realiteit is ons het net hierdie een kans om ons beste te doen en te gee. 'n Mens is nie net 'n ma omdat jy 'n baba gehad het nie. Jy is 'n ma omdat God hierdie kind se lewe aan jou toevertrou het. Ons kan dit glad nie sonder God se hulp doen nie. Moenie jou kinders groot wens nie en moenie toelaat dat enigiets anders so 'n groot rol in jou lewe begin speel dat jy die ongelooflike voorreg van ma-wees verbrou nie. As jou visie effens uit fokus is, stel dit reg; daar is nie 'n beter tyd nie. Kinders is God se geskenk aan jou!



**Charmaine Boshoff is die afgelope vier jaar lank by Tygerberg104fm betrokke by die organisering van die groter funksies wat Tygerberg104fm in die loop van die jaar aanbied. Sy is beskikbaar as gasspreker. Kontak haar by mainab@telkomsa.net of skakel 0820665675**

# RINA KINNEAR

## HOEKOM IS GEBED NOU BELANGRIKER?

*"Dan sal jy roep en die Here sal antwoord, jy sal om hulp roep, en Hy sal sê: "Hier is Ek!"*
**Jesaja 58:9**



As Christen-volk moet ons saamstaan en ons posisie van gesag in gebed inneem. Jesus het ons geleer hoe om ons gesag as gelowiges uit te oefen. Mattheus 18:18-19: *"Dit verseker ek julle, wat julle ook al op die aarde toesluit (bind) sal in die hemel toegesluit (gebind) bly, en wat julle ook al op die aarde oopsluit, sal in die hemel oopgesluit bly. Verder verseker ek julle, as twee van julle op die aarde oor enige saak saamstem en daaroor bid, sal ons Vader wat in die hemel is julle dit laat kry, want waar twee of drie in Sy Naam vergader daar is Hy by julle".*

Woorde van Paulus in Efesiërs 6:11-12: *"Trek jou volle wapenuitrusting aan. Ons stryd is nie teen vlees en bloed nie, maar teen elke bose gees en bose mag in die lug".*

My geestesoë het jare gelede oopgegaan toe ek besef het dat jy nie 'n demoon met 'n rewolwer of 'n AK47 geweer kan skiet nie. Ek wil elkeen wat hierdie artikel lees, aanmoedig om by 'n gebedsgroep aan te sluit. Die Here wil Homself aan ons openbaar. Hy soek Sy liggaam in eenheid om saam met Hom te werk. Ek glo met my hele hart dat oorwinning op pad is. In 'n sportarena raak ondersteuners al hoe meer opgewonde as hulle span die punteagterstand begin inhaal en die tekens daar is dat hulle die wedstryd gaan wen. Dit is waar voorbidders en ware bidders hulle vandag bevind. Indien jy nog nie by 'n gebedsgroep aangesluit het nie, oorweeg dit nou. Word deel van die wenspan. Vir God is dit belangrik!



**Rina Kinnear is getroud met pastoor Ron Kinnear van die AGS Kerk. Hulle is mede-direkteure van Afrika Sending, 'n sendingorganisasie wat in Oos-Afrika sendingwerk doen. Rina is ook die president van 'n vrouebediening, King's Daughters of Excellence, en die stigter van 'n gebedsbediening, Awake South Africa 365. Kontak haar by: president@kingsdaughtersofexcellence.com of skakel 083226232/012-5422965/2889.**

# ERDINE DU TOIT

## WAT IS JESUS SE LIEFDESTAAL?

*"As julle my liefhet, sal julle My opdragte uitvoer."*
**Johannes 14:15**



Ons hoor dikwels dat ons moet weet wat ons eggenoot of ons kinders se liefdestaal is, maar wat is Jesus se liefdestaal? Uit die Skrif hierbo sien ons dat dit gehoorsaamheid aan Hom is. Wanneer Jesus Sy Groot Opdrag en laaste woorde vir ons gee, spits ons dus ons ore.

Jesus se Groot Opdrag aan ons is om dissipels te maak. Daar is baie definisies van 'n dissipel, maar die een waarvan ek baie hou, is die volgende: 'n dissipel is iemand wat graag in liefdevolle gehoorsaamheid aan Jesus lewe. Dit is nie te sê die persoon kry dit altyd reg nie – ons ken almal die pad van val en opstaan toe ons Jesus begin volg het – maar daar is 'n begeerte en 'n gewilligheid tot gehoorsaamheid.

Wat beteken dit dus om iemand te dissipel? Floyd McClung sê dit so mooi: "Anything we say or do, that makes someone love, know and obey Jesus more, is discipleship". Dit kan dus 'n preek wees, 'n aanbiddingslied, 'n boek, 'n profetiese woord, 'n gebed, 'n selgroep, ens. Om iemand te mentor, te beraad en lewensleiding te bied; om die voorbeeld saam met iemand uit te lewe in 'n doelbewuste dissipelskapsverhouding is alles voorbeelde van hoe om dissipels te maak. Die Here het vir ons almal 'n ander roeping en verskillende gawes en talente gegee om die Liggaam van die Here Jesus goed te laat funksioneer. Die Groot Opdrag gaan egter grootliks oor doelbewuste dissipelmaking.



**Erdine du Toit is 'n praktykbestuurder by 'n mediese praktyk. Sy is deel van Logos Geloofsfamilie en haar passie is om dissipels te maak en op te lei. Sy is ook betrokke by MES (Mould, Empower, Serve), 'n organisasie vir hawelose mense. Kontak haar by: 084 680 0616 of e-pos haar: erdine777@gmail.com**